

**23 Februarie**

**Skrifgedeelte: Eksodus 36:1-7 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Eksodus 36:1-2**

### **Kunstenaars van God**

Oholiab word aangewys om die tabernakel te bou. Hy was verantwoordelik vir die kunswerk aan die tabernakel. Oholiab was by uitnemendheid geskik vir die werk, want volgens Eksodus 38:23 hy was “’n vakman en ’n ontwerper en ’n wewer van blou, pers en bloedrooi wolstof en van linne.” Oholiab het die vermoë gehad om die fynste en delikaatste kerf-, giet-, borduur- en weefwerk te doen. Hy het van God wysheid, insig en vaardigheid ontvang om sy talente aan te wend vir die bou van die tabernakel (Eks 31:6). Dit was nie sy eie vernuf en briljantheid nie. Die tabernakel is gesien as die woonplek van die Here en Oholiab is begenadig om met sy hande en talente daaraan te werk, soos elke gelowige met sy gawes bouwerk moet doen in God se koninkryk.

Die beoefening van kunsvorme is deel van God se opdrag om die skepping te bewerk en op te pas (Gen 2:15). Deur die kuns moet ons bou en nie afbreek nie. In God se koninkryk is elke verlore kind geroep om bouwerk te doen met die gawes wat God aan hom gee. Jou besondere lewensvaardighede moet jy aanwend tot voordeel van God se koninkryk en tot eer en verheerliking van sy Naam (1 Kor 10:31). Waarmee het die Here jou of jou kinders of jou kleinkinders toegerus? Julle het die opdrag om met hierdie besondere gawes van musiek, sang, voordrag, skilder, woorde of kunswerke God se Naam te verheerlik. Wat ’n heerlike en loflike roeping! Wees dankbaar en toegewyd in hierdie taak.

*Ds CN van der Merwe (emeritus)*